Skat In Gemors Uit

Meeste Geojagters is ook bewaarders van ons natuur erfenis. Dit is hoekom die meeste jagter **"SIGO"** toepas, hulle –**"Skat in Gemors Uit"** Geojagter doen hulle deel in die verwydering van alle gemors in die natuur en los die wildernis so skoon as wat dit moet wees- **GEEN GEMORS!**

Baie Geojagter neem 'n vuilgoed sak saam wanneer daar ge-geoberg word en spesiale SIGO's word ook gereël om die omgewing skoon te maak.

Moets en Moenies

Moets

- Kry toestemming, indien nodig, om 'n skat te berg.
- Berg net familie vriendelike geoskatte.
- Respekteer die omgewing- pas **SIGO** toe en los die omgewing net soos jy dit gekry het.
- Merk die houers eenvoudig sodat mense kan sien dit is 'n **geoskat.**
- Maak seker jy besoek en "diens" jou geoskat gereeld.

Moenies

- Moenie 'n geoskat begrawe nie.
- Moenie items ruil wat skadelik en nie familie vriendelik is nie.
- Moenie kos in die houer sit nie. Diere se reuk sintuie is baie beter as 'n mens sin en hulle kan die houer beskadig of self seerkry.

Plaaslike Organisasies

Meeste provisies het provinsiale en plaaslike Geobergings organisasies. Hierdie groepe hou gewoonlik Geobergings byeenkomste, **Geleentheid Geoskatte** word geberg of net 'n dood eenvoudige Suid Afrikaanse "bring en braai" word gehou waar geoberging druk bespreek word!

Geleentheid geoberging is 'n baie goeie manier om die "kuns" van geoberging te leer sonder om eers die toerusting aan te skaf. As jy wil seker maak of geoberging die sport vir jou is, kontak van die plaaslike geojagters om uit te vind wanneer die volgende geleentheid berging in jou area is.

Wil jy meer uitvind?

As jy meer inligting nodig het kontak jou plaaslike geojagter. Hy sal meer as gewillig wees om jou te help met enige vra!

Die "Groundspeak Geocaching Logo" is 'n handelsmerk van Groundspeak, Inc. Gebruik met toestemming

Brochure produced by Geocacher-U.com

GEOBERGING!

Geniet jy die buitelewe, lief vir tegniese speelgoed en is jy avontuurlustig? As jy dink dit is jy, dan is **Geoberging** net die stokperdjie vir jou!

Duisende mense in meer as 200 lande het al die "speletjie," beter bekend as Geocaching (uitgespreek as "gi-ou-ka-sh-ing")beoefen. Dit is 'n avontuur sport wat die hele familie en die individu kan geniet. Enige iemand wat 'n internet gekoppelde komper, GPS (Globale posisionering Stelsel) en 'n "oog" het vir logiese skattejag gevolgtrekking kan die sport beoefen.
Die kanse is goed dat jy die afgelope paar jaar naby 'n geoskat was en **dit nie eers geweet het nie!**

GEOCACHING.COM

Die Amerikaanse regering het in Mei 2000 die Globale Posisionering stelsel "oopgestel" vir akkurate siviele gebruik. Dit het beteken dat die gewone man in die straat nou 'n **GPS** kon besit en gebruik wat baie meer akkuraat is. Enkele dae na hierdie gebeurtenis het 'n GPS Entoesias 'n houer in die wildernis van Oregon, VSA, weg gesteek, die koördinate op die internet gepubliseer en so almal genooi om daarvoor te gaan soek!

Dit was die geboorte van Geoberging- een enkele internet publikasie! Van 'n nederige begin tot die reuse sport wat dit vandag is bly die beginsel dieselfde- soek en kry die skat, haal iets uit, sit iets terug en teken die geojoernaal.

Hoe begin 'n mens?

Begin is maklik! As jy 'n draagbare GPS en internet toegang het is jy al halfpad daar!

- Teken in op **GEOCACHING.COM**, soek die Suid Afrikaanse bladsy of enige ander area waar jy 'n skat wil gaan soek.
- As jy die skat gekry het wat jy wil gaan soek moet jy die koördinate van daardie skat in jou GPS intik. Dit sal ook raadsaam wees om 'n drukskrif van die spesifieke Geoskat te maak.
- ***Nou is jy gereed vir 'n skattejag!*** Deursoek die area waar die GPS jou heen vat. Gewoonlik sal die GPS akkuraat wees tot en met so 7m. Hou dit in gedagte terwyl jy soek!
- Nadat jy die skat gekry het kan jy iets uit die houer haal, maar onthou om altyd iets terug te sit! Maak ook seker jy teken die geojoernaal. Seel die geoskat houer weer en steek dit weg presies waar jy dit gekry het. Reg vir die volgende avonturier om te kry!

Hoe werk Geoberging?

Die houer is gewoonlik waterdig met 'n deurskynende deksel sodat 'n mens kan sien wat binne aangaan!

'n GPS onvang die syn vanaf die Globale Satelliet Posisionering stelsel wat 250000km bokant die aarde in 'n wentelbaan is!

1 Eerstens moet jy as Geojagter deeglike navorsing doen oor waar jy die Geoskat wil wegsteek. Dan maak jy 'n houer vol items om te ruil, onthou ook om 'n geojoernaal in te sit nie!

Die geoskat word dan geregistreer op die webwerf: **WWW. GEOCACHING.COM.** Om die res van die wêreld te vertel van jou skat.

2 Met die inligting van die webwerf word Die skat dan deur ander Geojagters , wat ook 'n GPS gebruik, gesoek.

Die GPS ontvang 'n sein van die **Globale Posisionering Stelsel** om die gebruiker se huidige posisie aan te dui. Maar dit is nie altyd so maklik nie… die Geojagter het geen idee hoe die terrein lyk nie of in watter tipe struktuur die skat weg gesteek is nie.

'n Intree model draagbare GPS is redelik bekostigbaar!

3 Nadat jy die skat gekry neem jy iets as 'n aandenking, los iets vir die volgende persoon, teken die geojoernaal en plaas dan die houer terug in die wegsteek plek. Dan word die "kuier" aangeteken op die webwerf Geocaching.com sodat ander mense ook kan lees van jou avonture!

Geoberging is definitief 'n familie sport. Die sport word deur almal, oud en jonk, beoefen!

Variasies van die spel

Daar is verskillende variasies van die spel Geoberging:

Mikro-Geoskat

Hierdie variasie is gewoonlik 'n 35mm film houer wat net 'n geojoernaal insluit. Mikro-skatte word gewoonlik in stedelike gebiede geberg waar die uitdaging is om hulle te vind sonder dat ander agterkom waarmee jy besig is!

Meervoudige Geoskat

Dit is 'n geoskat waar die jagter 'n stel instruksies moet volg, na verskillende liggings moet gaan, voor die finale geoskat se ligging aan hom bekend gemaak word.

Afstands geoskat

Die koördinate vat jou na 'n ligging vanwaar jy 'n Kompas en kaart moet gebruik om die finale skat te vind.

Geleentheids Geoskat

'n Geleentheid waar Geojagters bymekaarkom vir 'n dag se pret!